Jesus is ons Here

# 'n Mond vol tande

## Bybelteks

*Toe antwoord hulle en sê vir die koning: "Daniël, een van die ballinge van Juda, steur hom nie aan u, o koning, of aan die verbod wat u op skrif gestel het nie, maar drie keer op 'n dag rig hy sy bede tot sy God." Daarop het die koning opdrag gegee en hulle het Daniël gebring en in die leeukuil gegooi …" In die oggend, teen die eerste lig, het die koning opgestaan en haastig na die leeukuil gegaan. Terwyl hy nader aan die kuil kom, het hy na Daniël geroep … Daniël praat toe met die koning: "… My God het sy engel gestuur en Hy het die bekke van die leeus gesluit, sodat hulle my geen leed kon aandoen nie …"*

**– Daniël 6:14, 17, 20-23**

## Kernwaarheid

**Dit is belangrik om gereeld te bid, want dit help ons om aan God getrou te wees.**

### WELKOM

- Waaraan is jy baie getrou? Dink byvoorbeeld aan jou skool, 'n sportspan of 'n musiekgroep.

- Hoekom is dit vir jou maklik om hieraan getrou te bly?

- Wanneer sukkel jy met getrouheid?

## WONDER

- Hoe sou jy gevoel het as jy in Daniël se skoene was? Sou jy ook die Here getrou aanbid het, al sou dit beteken dat jy in die leeukuil gegooi sou word?
- Hoe dink jy sou jy gevoel het terwyl hulle jou nader aan die leeukuil sleep?
- Daniël was getrou aan die Here. Hoe lyk getrouheid prakties in ons lewe?

## WEES

Dink aan die gebedstasies waarby jy stilgestaan het. Vra dan vir God om jou te help om meer gereeld te bid.

## WEGSTUUR

Dink hierdie week na oor die feit dat ons as gelowiges aan mekaar verbind is, maak nie saak waar ons is of watter omstandighede ons beleef nie. Ons moet aan God getrou wees omdat Hy aan ons getrou is.